## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| So | 10/08 | **JD Schutte**, Wyk 9 |
| Ma | 11/08 | **Pieter Bouwsema**, Wyk 9 |
| | | **Reinette Coetzee**, Wyk 6 |
| Di | 12/08 | **Deon du Plessis**, Wyk 7 |
| Wo | 13/08 | **Erna Venter**, Wyk 9 |
| Sat | 16/08 | **Hans Laufs (84)**, 10 |

**Bede met meelewing:** Psalm 128:4.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.** 680 280 002 (ABSA)

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**

Bank: (FNB) Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723.

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.**

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier.

*(Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).*



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 26 Sondag 10 Augustus 2025

**Redakteur: Rudy van der Spoel 082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste:**
**Ouderling:** Wyk 3 **Nelis Coetsee** en Wyk 4 **Flip Mostert**
**Diaken:** Wyk 3 en Wyk 4 **Rudy van der Spoel**
**Skinkbeurt:** Wyke 5 **Ineke Bakker** en Wyk 6 **Marlise Stoop**

**EREDIENSTE** Oggenddiens word gelei deur ds. Nic Laubscher en middagerediens deur Teologiese student Irving de Swardt.

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**
**Eredienste ook per whatsapp.**

**OGGENDDIENS:** Ons verwelkom graag vandag ds. Nic Laubscher (emeritus van GK Buffeldoorns) en teologiese student Irving de Swardt wat vandag tydens onderskeidelik die oggenddiens en middagerediens sal voorgaan. Ds. Nic is geen onbekende nie en sedert hy sy laaste eksamenpreek in ons midde afgelê het, het br. Irving van die kuratore preekkonsent ontvang. Ons is dankbaar dat u ingewillig het om uit te help met die Woordbediening terwyl die pastoriegesin hierdie naweek saam met Hanró en sy grootouers deurbring ter viering van sy verjaarsdag. Baie dankie aan oudl. Koos Nortjé wat vandag beide katkisasiebyeenkomste sal behartig.

**Woordbediening:** Amos 9: 1-9.

**Fokusvers:** Jakobus 1:9-11 (Jakobus, nr. 3).

**Sing:** Psalm 150: 1, 3; Psalm 98: 1, 2; Psalm 65: 2; Psalm 32: 1, 6; Psalm 103: 1, 2, 11.

**Sing met meelewing:** Psalm 128: 4.

**EREDIENS om 17:00:**
**Woordbediening:** 2 Timoteus 1:6-18.
**Sing:** Psalm 9: 1, 7; Psalm 121:1, 2; Psalm 116:1, 2, 3;
Psalm 119:1, 2, 3; Psalm 34:1, 6, 7.

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die ROOI sakkies vir Emeritaatversorging (Volgende week – GKSA Sustentasiefonds)
**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

Die moeder van br. Hennie Viljoen is Maandagoggend vroeg oorlede. Ons bid br. Hennie en sr. Magda en ook sr. Carina die ryke vertroosting van ons hemelse Vader toe.

Die broer van br. Tom Chambers, br. Jan - wat ook vir 'n tyd lidmaat van die gemeente was, het ook vroeër die week aan kanker beswyk. Ons bid br. Tom, sr. Cornelia en ook Theon (wat baie geheg aan sy oom was) ryke vertroosting toe.

---

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Sr. **Ineke Bakker**, so het ons verlede week afgekondig, het 'n geruime tyd by haar suster in Klerksdorp aangesterk nadat sy bronchititis onder lede gehad het. Sr. Ineke het ook toetse vir kanker ondergaan en ons is saam haar diep dankbaar dat die uitslae negatief was. Sy moet op 26 Augustus 'n opvolgafspraak met die spesialis in Klerksdorp nakom. Ons verseker sr. Ineke van ons voorbidding vir haar.

Ons is saam met br. **Frikkie Venter** baie dankbaar dat die operasie wat hy ondergaan het, suksesvol was. Daar lê vir hom nou ses weke van herstel voor, en dit is ons gebed dat br. Frikkie spoedig volkome mag herstel en goeie lewenskwaliteit mag geniet.

Nadat sy enkele newe-effekte van die dialise wat sy Maandag ontvang het, ervaar het, gaan dit elke dag 'n bietjie beter met sr. **Susan Nortjé**. Ons bede is dat sy deur hierdie behandeling lewenskwaliteit mag geniet.

Sr. **Susan Coetzee** is Donderdag uit Medikliniek ontslaan. Sy is opgeneem en behandel vir bronchitis. Verdere toetse het getoon dat die longembolis beter is, maar sr. Susan is toe met kroniese obstruktiewe pulmonêre siekte (COPD) gediagnoseer. Ons bid haar en haar dierbares die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

'n Suster van sr. **Ina Roos** is die afgelope week in Wilmedpark Hospitaal opgeneem. Die dokters kon nog nie 'n diagnose maak nie. Ons verseker sr. Ina van ons voorbidding vir sr. Elsabé.

Br. **Loffie Eloff** moet môre weer 'n opvolgbesoek by die spesialis bring na die ingrypende prosedure wat hy 'n paar maande gelede ondergaan het. Ons is saam met br. Loffie en sr. Tillie baie dankbaar vir die wonderlike herstel wat br. Loffie ondervind het, en bid dat die resultate van die ondersoek ook gunsig sal wees.

Br. **Gert Van der Walt** is nog in die intensiewe eenheid van Mediclinic. Daar is 'n geringe beterskap waarvoor ons die Here diep dankbaar is, maar sy toestand is steeds baie ernstig en ons dra hom en sr Willie en sr Carmie en al sy ander dierbares aan ons hemelse Vader op.

Sr. **Ria Serfontein** is Donderdag uit Multicare ontslaan en terug in die versorgingseenheid van Huis Eikelaan. Ons dank ons hemelse Vader saam met haar en br Willem en hulle dierbares vir die beterskap wat sy ontvang het.

Sr. **Suzette van Blerk** is ook terug in Huis Eikelaan se versorgingseenheid en ons verseker haar en br Gert en hulle dierbares steeds van ons voorbidding.

---

## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

---

## DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

---

## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

---

# ALGEMENE AFKONDIGINGS

## DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| Di | 12/08 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan Begin | Rooi Sitkamer |
| Wo | 13/08 | 18:00 | Bybelstudie: 1 Korintiërs (Studie 5) | Konsistorie |
| Do | 14/08 | 10:30 | Troos na Trauma | Kerksaal |
| So | 17/08 | 15:30 | Erediens: Huis Eikelaan | Kapel |
| | | 18:00 | Diakonie vergadering | Konsistorie |
| Vr | 22/08 | 17:30 | Gemeente-aand | Kerkterrein |
| So | 24/08 | 09:30 | Voorbereiding | Kerkgebou |
| | | 18:00 | Kerkraad- en diakonievergadering | |
| Vr | 29/08 | 08:00 | Pannekoek vanaf 08:00 - middag | Pick n Pay vdHoffpark |
| Sa | 30/08 | 08:00 | Pannekoek vanaf 08:00 - middag | Pick n Pay vdHoffpark |
| | | 15:00 | Orrelfees | Kerkgebou |
| So | 31/08 | 09:30 | Nagmaal en gemeente-ete | Kerterrein |

## KATKISASIE

| | Sondag 10 Augustus | Sondag 17 Augustus |
|---|---|---|
| | Les 16 | Les 17 |
| **Hoërskoolkatkisasie Lesrooster:** | Les 16 | Les 17 |
| **Psalmvers:** | Psalm 46:1 | Psalm 46:1 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 16 | Sondag 17 (drukfout in les) |
| **Memoriseerwerk:** | Twaalf Artikels, art. 7 | Twaalf Artikels, art. 8 |

## BYBELSTUDIE

**HUIS EIKELAAN:** Die Bybelstudie by Huis Eikelaan hervat weer, soos op die kalender aangedui, eerskomende Dinsdag (12 Aug) om 15h00. Die kapel word op die oomblik uitgeverf en die Bybelstudie sal waarskynlik in die rooi sitkamer gehou word. Dinsdag se onderwerp is Art 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

**Woensdagaand,** 13 Augustus om 18:00 in die konsistorie (studie 5 van 1 Korintiërs uit Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament van prof. GJC Jordaan).

**Donderdagoggend,** 14 Augustus om 10:30 in die kerksaal: *Troos na Trauma*.

---

## EREDIENSTE VANAF SEPTEMBER

Maak asseblief 'n nota dat ons tweede erediens vanaf Sondag 7 September 2025 weer om 18:00 'n aanvang sal neem.

---

## EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Prof. Sarel van der Walt sal DV met die erediens op Sondag 17 Augustus in die Kapel van Huis Eikelaan voorgaan. Die toesigbeurt sal deur oudl. Danie Erasmus waargeneem word.

---

## ORRELFEES

Die kerkraad het dit goedgekeur dat sr. Magda Pelser-van der Merwe met die afkondigings kortliks inligting sal gee rondom die beplande orrelfees wat op 30 Augustus sal plaasvind.

---

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?:

Die Susters van **wyke 5 en 6** nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet.

## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta). Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*



## VAN ONS SUSTERS

### ORRELFEES

Die susters is besig om 'n orrelfees te reël vir DV 30 Augustus 2025 om 15:00 in ons kerkgebou.

Ons gaan met die orrelspel van Magda Pelser, John Reid Coulter en Jetty van Rensburg bederf word.

Na die uitvoering sal die gaste met sop, sjerrie en sap in die kerksaal getrakteer word deur Crista Galli Spyseniering.

Kaartjies is beskikbaar teen R220 per persoon en moet so gou moontlik gekoop word. Dit kan aanlyn by kaartjies.co.za gedoen word of by Malie by die kerkkantoor. (Bring asb jou bankkaart saam daarvoor.) Hierdie is 'n konsert wat nie misgeloop mag word nie, want dit gaan 'n onvergeetlike ondervinding wees! Bring jou familie en vriende ook saam! Die volgende QR-kode kan ook geskandeer word om direk na die aanlyn adres te gaan om kaartjies te koop.

Hou asb ook in gedagte dat die orrelfees 'n fondsinsamelingsprojek is vir ons kerk.

---

### PANNEKOEK

Ons vra asb weer vir donasies vir die bestanddele (koekmeel, bakpoeier, suiker, kaneel en kookolie) vir die pannekoek.

Dit kan by Pieter of Malie by die kerkkantoor op Dinsdae, Woensdae en Donderdae ingehandig word.

Neem asb ook die vrymoedigheid om jou naam op die lys te skryf vir helpers, wat in die kerksaal beskikbaar is.

---




## HAMBURGERBRAAI



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGAAND**

**22 Augustus 2025**

Ons kuier gesellig saam vanaf 16:30 by die saal. Vir 'n bestelling bel Pieter of Malie by die kerkkantoor.

☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384

**R 35 Hamburgers. Worsbroodjies R 35**

Die gemeente-aand en hamburgerbraai word geskuif na die 22ste Augustus as gevolg van die besige naweek van die 29ste Augustus. Daar sal ook geen pannekoek beskikbaar wees nie.